

“Humour keeps us alive. Humour and food. Don’t forget food. You can go a week without laughing” Joss Whedon

HANDEL IN BEDERFBARE PRODUKTE

Suid-Afrika is 'n ondertekenaar van die Internasionale Plantbeskermingskonvensie (IPPC), net soos alle lede van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) – insluitend die Europese Unie (EU). Die IPPC is baie belangrik vir lande wat handel dryf in bederfbare produkte – vir invoerders is dit belangrik deurdat dit poog om die introduksie van nuwe peste te voorkom (let wel dat peste as beide plae en siektes gedefinieer word) in terme van die aanvaarbare vlak van beskerming; terwyl dit uitvoerders verseker dat handel kan voortgaan deur maatreëls te gebruik, wat handel die minste sal beperk. Daar is 'n verantwoordelikheid op beide die invoer- en uitvoerlande.

Baie is geskryf en gedebatteer oor sitrusuitvoere vanaf Suid-Afrika na die EU. Plaaslike produsente in die EU het alle reg om te verseker dat hulle onder die IPPC beskerm word. Daar is egter sekere kwessies wat uit die huidige invoervereistes voortspruit. Om as 'n kwarantynpes gelys te word, moet die pes 'n risiko inhou en handel moet 'n “pad” wees vir die pes om die EU binne te dring. In die geval van sitrus swartvlek (CBS), aanvaar die meeste lande, insluitend die VSA, dat vrugte sonder blare nie 'n “pad” is vir die introduksie en verspreiding van CBS nie. Dit is die EU se plig om te verseker dat hul pes-risikobepaling (PRA) korrek is; die PRA wat in 2016 gedoen is, is ongelukkig op 'n paar punte gevind om gebrekkig te wees. CBS moet as 'n kwarantynpes vir vrugte sonder blare, verwyder word.

Dit is ook 'n verantwoordelikheid van die invoerland om peste wat met ingevoerde vars produkte geassosieer word, korrek te identifiseer. Ongelukkig het Suid-Afrika verskeie voorvalle van peste wat verkeerd geïdentifiseer is, gedurende die 2023-seisoen ervaar, en die gevolge van hierdie verkeerde identifikasies, is enorm. Die betrokke besendings moet na alternatiewe markte gestuur word, met massiewe koste-implikasies en impak op die reputasie as 'n betroubare verskaffer. Boonop kan die produksie-eenheid gediskwalifiseer word van verdere uitvoer na die EU, en alle besendings met vrugte van daardie produksie-eenheid, moet uit die EU-mark verwyder word – weereens teen enorme koste. Die EU-kommissie tel dan hierdie verkeerde kennisgewings van nie-nakoming op en gebruik hierdie totaal om van Suid-Afrika te vereis om bykomende maatreëls in te stel, en risikobestuurstelsels meer beperkend te maak. Gedurende 2023 het EU-lidlande verkeerdlik peste uit 'n pesvrye gebied geïdentifiseer, en selfs 'n pes wat nie in Suid-Afrika voorkom nie. Omdat Suid-Afrika 'n verantwoordelike uitvoerder is, het Suid-Afrika dadelik opnames op die betrokke plase gedoen – en soos verwag was die pes nie teenwoordig nie. Daar is geen gevolge vir die EU of die lidlande wat die peste verkeerd geïdentifiseer het nie – daar is groot gevolge vir die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf en die betrokke uitvoerders. Wanneer inligting oor die verkeerde onderskeppings ontvang word, sou mens verwag dat die Europese Kommissie verantwoordelik sal optree deur ondersoek in te stel en met verduidelikings aan Suid-Afrika kommunikeer. Mens sou verwag het dat die reaksie kommerwekkend sou wees – as lidlande verkeerde peste identifiseer wat met Suid-Afrikaanse invoere geassosieer word, kan hulle heel moontlik dieselfde doen met produkte van regoor die wêreld, en sodoende plaaslike plante in gevaar stel. Dit was verbasend dat die Europese Kommissie die Suid-Afrikaanse kennisgewing as 'n irritasie beskou het. Varsprodukte produsente in Europa moet vrae vra oor die betroubaarheid van lidlande se identifikasie van peste aangesien hulle self in gevaar kan wees. Suid-Afrika is nie die eerste land wat die betroubaarheid van lidlande se pes-identifikasies bevraagteken nie – in 2021 en 2022 het die VSA die EU suksesvol uitgedaag oor die verkeerde identifikasie van CBS op Amerikaanse pomelo's – die EU het hierdie kennisgewings omgekeer. Daar is ook verslae van ander lande wat die betroubaarheid van EU-lidlande se pes-identifikasies bevraagteken.